



(Opgestel deur Petro Jonker - Finalejaar Teologiese student wat haar Gemeentejaar by Rietfontein-Suid doen)

### 1 Petrus 2:22-23 - Boodskap Vertaling

As Christene word daar van julle verwag om soos Jesus te leef. Hy het vir julle 'n voorbeeld gestel hoe julle moet leef. *Leef soos Hy geleef het.*

Onthou dan, Hy het vir julle gely en nooit iets gedoen waarvan God nie gehou het nie. Wat Hy gesê het, kan julle maar altyd glo. Hy het mense wat lelike dinge vir Hom gesê het, nie terugbeledig nie. Toe hulle Hom seergemaak het, het Hy nie gesê dat Hy hulle gaan terugkry nie. *Hy was tevrede om alles in God se hande te los.* God sal daarvoor sorg dat wat moet gebeur, sal gebeur.



- Gesels bietjie in die groep oor die woorde “sendingwerk” en die “vervolgde kerk”. Wat verstaan julle onder hierdie twee woorde? ‘n Sendingorganisasie (YWAM) het eenkeer die stelling gemaak “*You are either a missionary or a mission field*”. Dink jy ons almal is voltydse sendelinge?
- Baie myle lê tussen doen en sê. Mense is meer bewus van wie jy is as wat jy sê. Die mate waarin ons Jesus volg, kom tot uiting in die manier waarop ons leef. Wat dink jy is die kern boodskap van Jesus se lewe? Hoe kan ons hierdie boodskap elke dag leef?
- Iemand het per geleentheid gesê “*dit verg dapperheid om in vandag se wêreld ‘n uitgesproke lewe vir Jesus te lei*”. Wat maak dit vir ons moeilik om elke dag soos Jesus te leef?
- Baie mense word vandag vervolg omdat hulle in Jesus glo. Gesels bietjie in die groep oor die lande waar julle dink Christene vervolg word. Hoe kan julle hierdie mense help en bystaan?